# Opsaal



## November 2009

# *Opsaal*
# *Jaarblad van Berg-en-Dal*

***Opsaal word jaarliks onder lede versprei en poog om meeste van die klub se woelinge weer te gee***

## JAARVERSLAG 2009-10-03

**D**ie afgelope jaar, 'n terugblik. In Januarie spring ons weg met 'n uitdagende stap van Stilbaai na Gourits. Die vyf taai Stilbaaiers het die tempo bepaal en ons vyf van George moes uithaal om by te hou. Hard maar lekker. In Februarie die Nature's Valley naweek in Pondok met sewentien vrolike siele was heerlik ontspannend en gesellig. 14 Stappers durf Arangieskop in Maart aan. In April het tien stappers die Wildekus met 'n gids gaan verken. Hulle is blootgestel aan tipiese Xhosa-kultuur en die gasvryheid van die "mammas". In Mei is daar met 'n spanpoging Tierkophut opgeknap. Hennie, Frode en Armin het baanbrekerswerk gedoen. Annie en Lenie het hulle moreel ondersteun en Elma en Annette het ook bietjie hand bygesit. In Junie het ons 'n gesellige byeenkoms by Annette gehad. Ons toer deur Indië en Nepal en eet aan almal se snoeperye. Julie was die Uhuru-naweek, sestien mense wat saam kuier, sing, braai, swem, stap en selfs in die voëlhok vasval. Op 18 September begin elf rugsakstappers by De Hoek Almal maak egter gebruik van die geleentheid om saam met Frank se 4x4 voorraad te stuur na Gouekrans. Die weer speel saam en ons het vyf pragtige dae in die Swartberge. Voor die jaareinde gaan negentien persone by Diepwalle op die Dekke kampeer. Twaalf mense het die voorreg om in November die Otter te gaan stap. Ons afsluitingsfunksie op 28 November behoort ook 'n heerlike geleentheid te wees.

Elke jaar het ook sy tyd van afskeid. Ons dink aan Wilma van Bochove toe Jacques op 22 April oorlede is. Ons dank ook die Vader vir die wonderlike herstel van Mathie, Austen en Wilma se moeder.

Om 'n jaarprogram vlot te laat verloop, vra deeglike beplanning. My dank aan die wonderlike samewerking van die bestuur en die meelewendheid van die lede.

Annette Erlank



## OM TE KAN GENIET …

**E**k het vroeg in September een oggend uit die Boland teruggery George toe. Oral langs die pad het die perske- en appelkoosboorde in volle bloei gestaan – ongelooflik mooi. En dit gebeur elke jaar op die regte tyd. Na die winter kom die lente. Nie maar toevallig nie, maar omdat daar Iemand is wat natuurwette vir Sy skepping daargestel het en dit jaar na jaar in stand hou. En watter groot voorreg is dit nie om self deel te kan wees van hierdie wonderlike wêreld. Nie dat die lewe altyd 'n lied is nie. Op elkeen se pad kom daar dae van swaarkry en beproewing, vir sommige selfs meer as vir ander. En tog, sou 'n mens 'n lysie gaan opstel, is die goeie en mooie wat ons in die lewe ervaar altyd veel meer as die slegte en minder aangename. Die van ons wat die voorreg het om gereeld in die natuur te stap, ervaar die heerlikheid daarvan nog meer as die wat nie so 'n voorreg het nie. Selfs al het die droogte wat ons vanjaar in hierdie deel van ons land ervaar het, sy merk op die omgewing gelaat, bly die natuur nog steeds 'n wonder om te aanskou. Die blou van die berge is nog altyd daar en die spierwit branders langs die kus raak nooit weg nie. En as jy elke môre mag wakker word met die lied van die voëltjies in jou tuin … dankie Here

Pieter Potgieter

# AMATOLA (HOGSBACK)




**W**anneer 'n mens aan die Amatola-staproete dink, sien jy voor jou geestesoog groen berge, woude, kabbelende strome met poele waarin geswem kan word en baie, baie watervalle.
Die gebied is ryk aan geskiedenis. Die oorspronklike bewoners was Khoisan, wat later deur die Xhosas vervang is. Gedurende die laaste deel van die 18de eeu, het wit ontdekkingsreisigers en jagters inbeweeg, sowel as boere. Hewige gevegte het ontstaan en die Xhosas is van hul land verdryf.
Die woude was ook 'n bron van hout en oral kan saagputte nog gesien word. In 1897 het ene J.E. House, die alleenreg verkry om hout uit die woud te neem, en tussen 1910 tot 1917 is 16500 bome gevel. Hy het ook 'n houtfabriek en spoorlyn tot stand laat kom. Gelukkig vir ons is daar nog baie geelhoutreuse te sien.
Slegs Annette, Lynette en ek kon op die staproete gaan. Drie dames, Jacolise, Elizna en Elna, afkomstig van Stilbaai en Riversdal, het by ons aangesluit. Lynette het vir ons blyplek by Backpackers gereël, en met John om ons die volgende oggend met sy Land Rover na die beginpunt van die staproete, te neem. Jacolise wou so graag 'n stapkaart gehad het, dat sy selfs ons rugsakke bo-op die Landie gepak het, en so haar afgeperste kaart verdien het. Twee ure later is ons anderkant die Madendam afgelaai. Na heelwat foto's en tee, is ons daar weg. Tien minute later het Annette onthou haar waterbottel het by die beginpunt bly lê. Gelukkig kon iemand haar 'n plastiese waterbotteltjie leen, wat daarna ook kort-kort soek geraak het.
Met die aanstap in die woud langs die Buffelsrivier was ons so rustig, dat 3 van ons verby 'n pofadder gestap het sonder om hom raak te sien. Gelukkig was sy kop in 'n bos en hy het net lui-lui dieper in verdwyn. Daarna was ons wakker en het toe hoog getrap (of was dit dalk suutjies-trap?).
Die eerste dag kronkel die roete die hele tyd deur die woud en ons het ons verlustig aan die pragtigste bome, soos veral die Outeniqua geelhout, rooipeer, "lemonwood" (lemoenhout) met kringe op sy bas en vele meer. En natuurlik, ook al die voëlgesang, waarvan die Knysna loerie sekerlik die meeste aftrek gekry het.
Na 'n skotige opdraande, was ons skielik by Gwili hut, met 'n pragtige uitsig. Soos net 'n klomp henne kan, is daar nes geskrop, wasgoed gewas en gekuier. Later is selfs vuur gemaak op 'n tipiese "survival" manier, deur Elizna wat gras aangedra het.
Die volgende oggend is ons behoorlik bederf deur 'n lawaaimaker Janfrederik se vrolike sang. Sommer vroeg, net na 6 vm., was ons gereed om te stap. Weer eens deur klam woude. By 'n uitsigpunt kon ons Mount Kemp bewonder, en met van die drawwers gesels. Mans, sowel as vroue, het aan die Amatola-uithouwedloop deelgeneem, wat oor 2 dae strek – 50 km per dag en dit oor 'n baie moeilike terrein.
En dan, as die opdraande te steil raak en daar 'n riviertjie langs jou is, kan 'n mens nie anders as sak neergooi en snakkend na asem, lafenis soek in koel bergpoele nie. Alles is so belonend! Water, bome, voëls, selfs twee gekroonde neushoringvoëls het rustig geposeer vir foto's.
Die derde oggend is ons weer vroeg van die Dontsa hut, wat in 'n bos langs 'n pad geleë is, weg. Ons kon voel dit gaan 'n warm dag wees.
Elizna se hakke was seer en sy het besluit om in haar "cheap crocs" te loop. So is sy berg op en af.
Na ontbyt langs 'n waterval, het drie van ons, 1 km verder, onder om Doornkop gestap, terwyl Annette, Jacolise en Elna bo-oor die kop gestap het. Die onderste kontoer neem 'n mens deur 'n blommetuin en woude. Ek het voor gestap en om 'n draai my skielik teen 'n groen boomslang in die pad vasgeloop. Wel, hy het ook geskrik. Gelukkig was daar 1.5 m tussen ons, en sy vinnige pik was seker sy afskrikmiddel. Elizna kon nie eers 'n foto geneem kry nie, so vinnig het hy omgeswaai en in die bos verdwyn.
Die ses kilometer is gou afgestap en ons het mekaar onder by die rivier weer

ontmoet vir middagete.
Na 'n warm stap deur 'n droë deel het ons in 'n kloof in "Waterfall forest" begin opklim en 'n poel gevind. Daar is selfs 'n nou skeur in die rotse wat vir ons na 'n katedraal gelyk het, en waardeur jy jou met rugsak en al moes forseer.
Mnyamenihut was vuil en verwaarloos en Jacolise het eers uitgevee voor ons 'n laat middagete geniet het. Annette en Lynette het behoorlik my tweede laaste eier uit my mond uit gekyk – dit moes die koeler weer gewees het wat hulle so honger laat voel het. Later het ons drie-drie bo-op 'n bed geklim en heerlik oor al ons stapervarings van die vorige dae gesels.
Dag 5 het met sonskyn, twee neushoringvoëls en 'n loerie begin. Ons kon die bosbegroeide kloof, waar ons die vorige dag in die mis in afgedaal het, waardeer. Geju-piek en die rotsstorting is ook sigbaar vanaf die hut.
Die roete neem 'n mens eers deur 'n bos, dan 400 m op, om Mnyameni-piek (Hog 3) en af in die Wolwerivier se opvanggebied. Die rivier vloei daar dikwels oor groot gladde rotse en vorm mooi poele en waterval na waterval. In die rante om ons was die proteas en watsonias net so pragtig.
Na middagete het die mis weer opgekom en ons uitsig belemmer, waar ons op die rant van nog 'n diep kloof gestap het. Soos die vorige dag het ons weer skerp begin daal en ons in die Schwartzwaldwoud bevind. Wat 'n wonderlike ervaring! Die mis het die ou boomreuse so saggies en geheimsinnig toegevou en ons kon net die stilte in oorgawe indrink, vir later se onthou. Weer eens was Lingcuka-hut vuil en moes ons eers opruim, maar gou is koffiewater gekook en nes geskop.
Ons sesde en laaste oggend het ons met die opstaan besef dat dit die nag deur gereën het, en dat ons met die grondpad sal moet loop. Met reënjasse aan het ons die nat voetpad begin stap en tog besluit om die 2 km voetpad deur die woud te volg. Dit neem 'n mens verby 'n baie hoë en mooi waterval. Aan die bopunt van die waterval het Thomas Bains êrens op die lys gesit en sketse maak van die pragtige toneel.
Terug op die grondpad het dit werklik koud begin word. Na 'n uur se stap het ons 'n trok hoor aankom en besluit om duim te gooi. 'n Groot boomstomp-lorrie (ribbe-trok) het ons opgelaai. Dit was bibberend koud agterop en ons het nat en baie koud, maar vinniger, by Hogsback aangekom. Na 'n warm stort en sop, is die motors gepak. In die reën is ons om elfuur daar weg, om die aand in ons eie bedjies te kon slaap.
Dit is 'n moeilike maar baie besonderse mooi roete. Ons het dit nie net terdeë geniet nie, maar ook drie baie spesiale vriendinne bygekry.

Rose


## ARANGIESKOP MARCH 27-29




Arangieskop was not kind to us on the 19th of April last year so Armin wanted a new chance and again arranged a group from the hiking club to challenge the famous peak in the Langeberge. If the weather last year was rough with the cold stormy weather with rain and hail, the weather was this time kind to us with sunny conditions and pleasant temperatures. Friday afternoon and evening 14 people arrived at the Dassieshoek Nature Reserve. Annette and Hester, however, started the same weekend on their way to Nepal and Mount Everest. The hut of the Nature Reserve was closed for restoration, so we spent the evening and the night at the house at the lower end of the dam. Sarel, Jeff and Hennie had the fire going for the braai and the rest of the group, Annie, Doris and Armin, Lesley, Sonja, Jacolise Joubert, Elna van der Walt, Catherine and her partner from Mosselbay, Talita and Frode joined them in the kitchen for supper. Next day everybody started out fresh and optimistic for the 9,5 km first day hike and climb to the Arangieskop hut. There were lots of pretty and colourful flowers on the way up the first hills. Later rocks of all sizes and shapes dominate the scenery with the majestic Arangieskop throning towards the blue sky with a few white clouds drifting by. After a couple of kilometres the first obstacle appears, crossing a gorge at the main stream of the area. Even with heavy rucksacks everybody managed down the ladder and the chain. Elna and Jacolise had arrived first at the stream and enjoyed a quick swim in the chilly pools. Having climbed the 900 m up to the saddle and the Arangieskop hut, we got a fabulous reward looking back onto Robertson and the Breede River Valley and forward into the Koo Valley. It surprises you when you feel that you are in the middle of the wilderness in the mountains, when the green Koo Valley appears so closely below on the other side of the Langeberge.
Arriving at the hut, a group of young people brought up by the farmer, occupied the hut. After some refreshments they left.
The previous year we struggled to regain normal body temperature inside the hut with a fire going in the fireplace and the antique rusty smoke-leaking iron stove. This Saturday afternoon and evening, however, we could sit outside in the sun, relax and recharge the energy, overlooking the scenic mountains with the mountain ranges folded up behind the valley into the last fading light blue mountains on the horizon. The night was also crystal clear with stars and even shooting stars. Next morning however a thick blanket of clouds covered the

valley and the hut was wrapped in mist. So we started into the mist for the second and last 11.5 km of the circular route, first to the peak more than 1700 m above sea level. The peak ranged above the duvet of clouds and it was a clear sky on the other side of the mountain.
Having successfully hugged the attractive peak on a sunny morning, the path all of a sudden declines sharply into a gorge. After some boulder climbing along the gorge, beautiful flowers again decorate the ravine. We were lucky to find lots of the tall, sharp red Guernsey lilies.
(*Nerina.sarniensis* Grows in South-western Cape. The name is given since it was first exported and used extensively as a parent in hybridisation. Strong stem of 45 cm and bears scarlet flowers which look as though they have been dusted with gold. The flowers appear in February and March and fade during the winter, turning yellow in the spring. ("Wild Flowers of SA")) The sharp climb up and down takes its toll. Old and young suffer! The route back feels long and it is warm. Our legs are tired! Eventually we arrive at Dassieshoek where our cars are parked. All 14 of us safely back

Frode



## DIE MOUTONS Sê HOKAAI.!!



**O**ns het baie stappe te George en omgewing, voor die stigting van die klub gedoen. Na die stigting het ek alle stappe geboekstaaf behalwe die op Dinsdae.
Die lste paksak was 27 - 29 Sept. 86 op die Springbokroete. Die stappers was Annie, Sonja, Danie Visser en self. Hierdie roete is 3 keer deur ons gestap Die volgende groot roetes is op verskeie geleenthede deur ons, hetsy in geheel of gedeeltelik, gestap: Outeniqua 17, Tsitsikamma 8, Sederberge 7 en Swellendam 5. Die Outeniqua roete het ons 4 - 10 Julie 1987 vanaf Diepwalle na Witfontein gestap. Die laaste dag moes ons vanaf Voortrekkerhut na Witfontein, 'n afstand van 33 km stap daar Tierkop afgebrand het. Vanaf Tonnelbos het dit begin reën en ons hoop om dit in die lig van die volmaan te stap daarmee heen. Ons was verplig om met flitse te stap. My flits het af- en -aangegaan, die gevolg dat ek in 'n oorhangtak vasloop. Ek gooi dit toe in die dam en stap in die donker. Ons stap die aand om 20h 30 te Witfontein uit, nat en koud. Vanaf 2 - 5 Mei 87, stap Willie en Anneke Nel, Annie, Donald en self die Visrivierafgronde. Dit was omtrent warm in die kloof en ons gaan sit in die rivier, met ons klere om af te koel. Ons tyd was beperk en ons doen die roete in 3 dae en 3 ure. Die Sederberge, nieteenstaande sy barheid, is een van die gebiede waar ek graag~ gestap het. Ons 1 ste in hierdie gebied was vanaf 2 - 9 Maart 1988. Dit is 'n baie warm tyd van die jaar. Die eerste drie dae het ons vanaf Welbedacht na Pakhuispas gestap.

Skerpioenpoort het van ons stappers laat sweet en water was skaars. Die Tsitsikamma- en Otterroetes het ons van 19 - 28 Mei 1988 gestap. Vanaf Sleepkloofhut na Stormsrivieroord is ons verplig om met die pad te stap daar die hangbrug by Stormsrivier stukkend is. Die volgende dag het ons die Otterroete begin stap. Dit het ook probleme gelewer by die Bloukransrivier. Weens die stormagtige see het 5 van ons besluit om die ontsnappingsroete te volg en dan met die ompad na die hut te stap. Ons was skaars op die ompad toe 'n donderstorm uitsak en elke voetpad word 'n rivier. Ons stap toe na die Tolhek, waar ons vriendelik ontvang en toegelaat word om in hulle kwartiere droog aan te trek en koffie te maak. Tjaart kry 'n geleentheid na Nature's Valley en die aand is ons tuis. Ons maats het nat en koud by die hut aangekom en ons het hulle die volgende oggend gehaal. Die klub se eerste stap in die Drakensberge, was vanaf Mahaikamp na Cathedral piek, 26 Mrt. - 2 Apr. 1989. Wat 'n ondervinding was dit nie: Digte mis het ons die eerste dag, onder die voet van Mont-aux-Sources, gekortwiek. Dit was baie koud sommige dae en water was nie altyd volop nie. Die gevolg is dat ons reuk soms sterker as ons stap was. Hierna het ons weer agt keer *op* die plato en drie keer aan die voetheuwels gestap. 4 - 13 April 1998 stap ons eers die Ribbokroete en daarna vanaf Monkscowl na Injasuti. Terwyl ons vroegoggend met Lesleypas daal breek Coleen 'n enkel. Willie en Faan het onmiddellik die afstand van 20 km oor moeilike terrein na Injasuti aangepak om hulp te ontbied. Hulle bereik Injasuti om 18h00 en slaag daarin om hulp te ontbied. Ek en die vrouens sit teen die hang van die berg van 08h30 tot die volgende oggend toe 'n helikopter opdaag en haar afvoer. Ons begin onmiddellik te stap, slaap die nag naby Injasuti, waar Willie en Faan ons die volgende oggend ontmoet. Ons klub het ook sy traumas beleef- twee gebreekte gewrigte, self 'n hartaanval op Uitsoekroete 7 Jul. 1995. Gelukkig was ons naby die bosboustasie en was hulp gou beskikbaar. Die ergste was toe Eddie op 17 Aug. 2003, op die Helderspruitroete, weens hartversaking gesterf het. Die hele klub was hierdeur geraak. Annie en ek het 172 keer aan meerdag roetes deelgeneem, 611 eendag roetes, hoofsaaklik Saterdae, Kaapse mars twee keer, Diaz vasbyt sewe keer, Swartberg 100 drie keer, George- en Cradockpieke 34 keer, die een of die ander. Hierdie jaar het ons die minste ooit gestap, slegs 465 km. Tot op hede staan my "pedometer" op 20591 km, dit sluit nie Dinsdae se afstande in nie. Ek sing ook nou soos die Cowboy " There is a rucksack hanging on the wall and a pair of wornout boots in an empty store". Aangepas by my omstandighede.

Voorspoed aan die klub.

Hennie

## NAWEEK BY UHURU

Berg-en-Dal stappers sien lankal reeds uit na 'n naweek se lekker stap in die pragtige natuur sowat 50 km vanaf Oudtshoorn op pad na Calitzdorp by die Uhuru gasteplaas en warmwaterbron.



Vrydag die 17de Julie vertrek ons almal in sarsies vanaf George.
Die ontvangs by Uhuru het al ons verwagtings oorskry. Amanda Matthee het uit haar pad gegaan om vir ons so gemaklik moontlik te akkommodeer. So bevind ons ons in 3 heerlike ten volle toegeruste wooneenhede in plaas van net die groot plaashuis met 16 slaapplekke. Almal pak toe gerieflik af en kies koers na die onderdak warmwater-swembaddens. Daar hang ons almal heerlik in die warm bronwater terwyl die koue en al die stres uit ons liggame wyk.
Van die ywerige stappers het reeds die middag verskillende staproetes gaan verken, terwyl ander weer die groot inloopvoëlpark besoek het. Hier moes jy seker maak dat al jou brille, oorbelle en alles wat blink veilig gebêre word, want die pragtige groot kleurvolle papegaaie het op almal toegesak en hard probeer om losgoed te verwyder. Daar is ook kameelperde en mak sebras te sien.
Die aand is daar heerlik gebraai en gekuier in 'n groot toegeruste onderdaklapa. Die nag was dit baie koud maar Saterdagoggend vaar die stappers die koppe en rivierbedding in. Die canyon met waterpoele en pragtige weerkaatsings is asemrowend. Saterdagoggend is die weer heerlik en die plaaseienaar, Gerrie, nooi ons vir 'n rit op sy toegeruste viertrekvoertuig. Ons bring 'n onvergeetlike twee ure deur en beleef die ruwe berge, veld vol aalwyne en fynbos en uitsigte na alle kante. Ons is in ekstase oor die verskillende wildsbokke wat in die veld

wegskarrel: gemsbokke, rooihartebeeste, koedoes, elande, swartwildebeeste en baie springbokke. Hy ry met ons al teen die kranse en klowe tot waar die Gamkarivier vanaf die Hel en die Olifantsrivier vanaf Oudtshoorn bymekaar vloei en die Gouritsrivier word. Wat 'n belewenis! Die aand word daar weer fees gevier in die lapa met vleisbraai en lekker sing om die vuur. Sondagoggend word vir oulaas in die natuur gestap maar met die oorsteek van 'n fris stroom is daar 'n besering. Soos 'n regte paramedikus spring Gerrie onmiddellik in sy 4x4, ry deur die rivier en besorg vir Christine veilig by die huis. Ons waardeer jou hulp en vriendelikheid opreg, Gerrie. By die voëlhok moet daar ook 'n reddingspoging plaasvind toe Christina en Elma per ongeluk in die voëlhok toegesluit word. Na al hierdie opwindende pret en heerlike saam kuier in die natuur keer ons traag huiswaarts. Ons innige dank aan Gerrie en Amanda van Uhuru. Julle het gesorg dat ons 'n onvergeetlike wegbreek in die mooiste natuurskoon kon geniet. Almal was dit eens: Ons sien julle binnekort weer.

Anna van Niekerk

## VOETENGEL

Daar is iets soos gee en gee en onvoorwaardelik gee. So het Lina dag en nag al haar kragte ingespan om as toegewyde versorger na haar dierbare, baie siek suster, Winnie om te sien. Niks is ooit vir haar te veel nie, maar so ken elke Berg-en-Daller mos vir Lina. Na 3 weke en baie "Tender Loving Care" was Winnie weer op die been en soveel beter dat Lina weer na haar eie "Kaya" in Meadestraat kon terugkeer. Sy was skaars tuis en het net rustig geraak in 'n gemakstoel, met voete omhoog wat voel asof hulle nie aan haar behoort nie en asof hulle die Harkerville-roete 'n paar keer kaf gedraf het. Eina! Die voordeurklokke lui skielik, Lina gaan maak oop en daar staan die voetengel met 'n gaar aandete en alles wat nodig is vir 'n 5-ster-pedikuur.
Die voetengel neem beheer oor en Lina word sit gemaak en so volg die heerlikste voetbehandeling, van 'n voetbad met olies en rome tot by die bloedrooi toonnaels. Wat 'n wonderlike bederf vir sulke seer, moëe voete! “Wat het jou vanaand na my toe gestuur met soveel omgee, terwyl ek so voetmoeg was?” vra Lina vir die engel. “Ek het so 'n duidelike bevel gekry om alles net so te los en dadelik vir jou 'n pedikuur te kom gee, “ seg die voetengel. Met groot dankbaarheid, terwyl die moegheid uit haar voete gepamperlang word, seg Lina “Baie, baie dankie dierbare Karlien!”

Anna van Niekerk

## STILBAAI - GOURITZ .



**H**ierdie fees begin op 'n Vrydagmiddag, 22 Januarie om 17h00 by Preekstoel strand, dis nou Stilbaai-Oos. Ons is 12 stappers - Ek, Yvonne, Kobus van Riversdal, Elizna en Jacolise van Stilbaai, Amanda van Worcester, en Rose, Annette, Lynette, Juanita, Hester en Sarel van George.
Ons sakke is VREK swaar. Die rede is 'n allemintige 4 liter water en 'n tent. Ons stap Vrydagmiddag 8 km langs 'n lieflike lang, wit sandstrand in absolute perfekte weer. Ons harte jubel en juig. As die bene sou kon hardloop met 'n swaar sak op die rug, dan het ons seker almal gebokspring en gehardloop soos uitgelate kalwers.....
Ons slaap ons eerste aand by die Iglo Huis. Jacolise het gereël dat ons mag kamp opslaan op die grasperk by die huis en dit was 'n ywerige bedrywigheid reg rondom die huis. Teen skemer het ons ons "sundowners" uitgehaal en ons broodjies geëet met die wete dat ons baie bevoorreg is dat ons in hierdie mooi deel van die land woon en ook die goeie gesondheid het om te kan stap en natuurlik die perfekte weer wat die 'cherry' op die koek is..
Saterdagoggend was ons tente goed natgedou en die wat buite geslaap het, seker ook. Sarel het 'n pragtige boodskap gebring. Ons wat hom nie so goed ken nie, het gewonder wat is sy nering?? Dankie Sarel. Ons het halfagt begin stap, 'n goeie uur voor laagwater, want nou het die ruwe stukkie sandsteenkus van so 5 km se klim en klouter voorgelê. Dit is belangrik dat dit so vinnig moontlik gedoen word, want as die gety inkom en jy is nie deur die ruwe deel nie, druk die branders jou teen die kranse vas en verdrink jy. Definitief nie 'n stap vir beginners of stadige stappers nie. Dus bravo aan Juanita, wat dit soos 'n ou sterk stap-

per gedoen het. Ons is trots op jou.
Ek, Yvonne, Kobus, Elizna en Jacolise het so 'n entjie vooruitgestap en op die lekkerste poel afgekom en dit skaars 'n uur nadat ons begin stap het. Summier het ons vrouens besluit om te swem terwyl Kobus nog 'n stukkie aangestap het. Op die ou end het die hele groep heerlik geswem. Dit het dan ook die maatstaf vir die res van die naweek geword om gereeld vir 'n verfrissende "dip" in die lekkerste poele te gaan. Daar was so baie swemplek, ons het maar probeer hou by: elke 2de of 3de poel vir swem. En dan moes jy jou swem ook nog ken, want as jy weer sien, is almal klaar geswem en al besig om rugsakke op te sit en dan moet jy vinnig klaar swem, anders is jy laat, soos ek elke keer was.
Volgens Hester se GPS, het ons Saterdag 11 km gestap. Die son het ons nogal gelooi, maar ons het gereeld die sonbrandgoedjies aangesmeer. Teen so 15h00, nadat ons verby Fynbos-strand is, begin ons kampplek soek. Almal het gestem om onder die nabygeleë bome tent op te slaan, maar ek en Jacolise was lus om langs die see te slaap. Ons het in 'n pragtige baaitjie 'n stukkie aarde gelyk gemaak met 'n stuk plank wat net vir ons daar gelê het. Ons tente het toe darem gelyk gestaan. Ons het ook ons eie privaat swembad gehad, waar ek lekker geswem het terwyl Jacolise en Elizna hul 'tans' opgeknap het. Almal van ons kan sê dat Saterdag 'n fees der feeste van stap was. Ons het slegs een waterpunt wat 'n fontein was, gekry vir die dag. Dit was voor Fynbos, waar almal houers volgemaak het. Sondagoggend vroeg het ons in die pad geval en dit was sommer vroeg al baie warm. Na so 'n uur en half se stap, was ons by ons waterpunt van die dag, waar almal weer "getop up" het. Ons het vroegoggend ons eerste lekker swem van die dag naby die ligtoring gekry, by 'n natuurlike "hawetjie". Dit was baie lekker, die 'swemmetjie'... Ons het 'n groot deel van Sondag in 'n "ontwikkelde" deel gestap, waar Saterdag grotendeels ongerep was. Daar was stukke wat ons in die Reins Natuurreservaat op 'n grondpad gestap het, wat nie so idillies was nie, en toe kry ons nog so wit en rooi gevaarte op die pad, maar daarvan gaan ons nie praat nie, want op stappe praat ons nie uit nie......
Eet, eet, en swem, swem het ons toe Sondag se 20 km klaar gestap. En wat kan nou lekkerder wees as om met 'n warm lyf op 'n koel stoep 'n yskoue bier te drink..
Hier het ons afskeid geneem van die George-stappers en het Elizna se man ons ander met hul groot kombi kom haal en is ek en Yvonne en Kobus terug Riversdal toe.
So het 'n puik naweek met puik mense tot 'n einde gekom. Ek sal dit nog lank onthou.


SHALOM

Elna

## STAPTOG IN DIE HIMALAYAS

Sondag 21 Junie, kuier 'n hele aantal stappers by my huis. Wilma organiseer 'n dataprojektor en almal kan terugsit en kyk na foto's van my toer na Indië en Nepal. 'n Kort opsomming van die wonderlike belewenis om twaalf dae in die Himalajas te stap: Dit is die jongste bergreeks in die wêreld, net 25 miljoen jaar oud. Van die 8 hoogste pieke ter wêreld, meer as 8000 meter hoog, met Everest die hoogste (8850 m) kom daar voor. Everest groei nog jaarliks met ± een sentimeter a.g.v. van tektoniese plate wat teenmekaar druk. Om tyd te spaar, vlieg mens van Katmandu na Lukla met 'n twin Otter tot 2800 m. Dit is waar ek en Hester Boshoff met die staptog begin het. Ons het daar ons sherpa (pakdraer) ontmoet wat met 30 kg op sy rug ook ons gids was. Die roete neem jou deur diep klowe langs turkoois riviere oor baie suspensiebrûe omring met spierwit pieke. Hoe hoër jy klim hoe eiler word die plantegroei. Omdat dit die hoofroete is vir spanne wat Everest-piek wil bereik, is daar baie sherpas wat tot 100 kg dra en ook jakke ('n klein bees) met swaar vragte. Byna elke vyf km is daar 'n "tea house" waar jy kos en akkommodasie kan kry. Om te akklimatiseer moet jy elke 2de of 3de dag oorbly. Hoër klim en laer slaap. Ons was toegerus vir baie koue weer maar het slegs by Namche bazaar sneeu en reën gehad. Omdat hout skaars is, word jakmis gebruik vir vuurmaak. Om te stort, was 'n luukse, slegs elke 3de dag. Wet wipes het handig te pas gekom. Hoe hoër jy klim, veral in die Kumba-gletser, is dit sprokiesmooi maar die suurstof raak al minder. Dit is ongelooflik hoe min energie mens in daardie dun lug het. Op 5000 m het die hoogtesiekte my gedwing om terug te draai. Hester het die laaste 350 m na die Basiskamp voltooi. Kon net haar foto van 'n sonsopkoms oor Everest geniet, 'n wonderlike avontuur.

Annette Erlank







## NATURE'S VALLEY

This was our first visit to Nature's Valley with the Berg-en-Dallers. On Friday we picked up Eddie with his boogie board and Lenie in the Wilderness and arrived at Nature's Valley where Sarel, Ina, Carol and Daan had already settled in. The double-storey rondawel-shaped house "Pondok" was spacious enough to accommodate us all, 17 in total. It had a well-equipped kitchen, lounge and undercover braai area. By 6 pm everyone had arrived safely and settled in.
Friday evening while the fire was going, we heard a movement in the bush and a huge bush pig appeared. Jan ran to get his torch and we all caught a glimpse of the animal before it disappeared back into the bush. Saturday morning we awoke to a fine drizzle. Six of us set out in the rain to do the Kalanderkloof and Soutrivier mouth. The scenery was breathtaking walking in the forest with yellowwood trees, Ericas, Proteas, streams and the small beach with its unusual rocks, all different formations. We were all drenched to the skin on our return home. Saturday night after our fill of braai meat, we had a sing song in the lounge and then retired for the night. Sunday morning we had a church service led by Sarel on the veranda and then set off on another hike, this time to Pigs Head, a lovely walk across the sea sand to the rock resembling a pig's head hence the name. We climbed to the top and had a lovely view of the lagoon and Nature's Valley. On our return, the water babies Rose, Lenie and Sonja went for a swim and Eddie joined them with his boogie board.
The time came to say our goodbye's to our Berg-en-Dal family after spending an unforgettable weekend together.

Georgie


## GROOTRIVIER

Ter inligting, 'n bietjie agtergrond oor Grootrivier of Nature's Valley soos dit vandag heet. Hendrik Barnardo (Hendrik Grootrivier) was die aanvanklike eienaar. Hy het die eerste huis daar in 1880 gebou, van geelhout. Daar is drie verhale oor hoe Hendrik die plaas bekom het: die eerste was dat hy die plaas as 'n immigrante-toekenning gekry het, die ander een was dat hy die plaas by ene Anderson vir 'n sjieling per morg gekoop het. Nog een beweer hy het Grootrivier vir £50 en 'n ryperd sonder saal of toom gekoop. Hendrik was van pionierstoffasie, eiesinnig, goedhartig, streng, kwaai. Hy was 'n sakeman, boer en eggenoot. Hier het hy sy groot gesin altesaam 21 kinders by 3 vrouens streng regeer.
(Hierdie inligting uit Sue van Waard se Tuin van Eden)

## DIE SWARTBERGE – 18 tot 22 September.



Twaalf stappers durf die roete aan en ses persone oornag twee aande by Ou Tol. 'n Week voor die stap sou begin, het Natuurbewaring uit Kaapstad gebel om te sê dat Gouekrans slegs 6 mense kan akkommodeer want die vloere van 3 van die kamers het ingesak. Natuurbewaring Oudtshoorn het egter gesê daar is voldoende matrasse en party mense kan op die stoep slaap. Die groep het Vrydag die 18de vertrek van George na De Hoek. Net na 08:00 het elf stappers, (4 mans en 7 vroue) van De Hoek na Gouekrans begin stap. Die op-tog was koel want 'n koue wind het gewaai. Armin en Sarel was as gevolg van die feit dat Armin sy Achilleshiel beseer het agter. Bereik Gouekrans ongeveer 4-uur. Jeanette-hulle neem baie foto's van die laaste deel. Frank bring hout en van die rugsakke met sy bakkie. Die rit van sowat 30 km het hom ongeveer 4 ure geneem (miskien moet hy vir hom 'n ander bakkie kry?). Almal het die aand egter lekker geslaap. Saterdagoggend besluit Piet hy het genoeg gesien en ry saam met Frank terug. Die res stap van Gouekrans na Bothashoek. Sondagoggend besluit die dames en Armin om die kruin te stap en Sarel en Du Preez (van Stilbaai) stap die 4x4-roete. Baie proteas en ander wit en geel veldblomme op die pad te sien. Bereik die Ou Tol ongeveer 12:30, met die goeie nuus dat daar geen water is nie. As gevolg van hierdie feit vertrek Armin saam met oom Hendrik-hulle huis toe. Die res braai Sondagaand en maak die beste van die saak, met min water. Maandagoggend vertrek 2 voertuie met ses stappers terug na De Hoek. Die oorblywende vyf vroue besluit om terug te stap na Bothashoek om vandaar huis toe te vertrek. 'n Week na hierdie stap, het ons 'n berig gekry dat 3 vroue op dieselfde roete gesterf het as gevolg van die skielike koue wat die Swartberge die week na ons klaar gemaak het, getref het.



Alle stappers moet altyd voorbereid wees op drie seisoene op een dag. Dus: genoeg beskerming teen koue en reën.

Sarel Volkwyn

## BERG-EN-DAL BY DIEPWALLE

Wat 'n verrassing! Die Dekke by Diepwalle het ons stoutste verwagtings oortref. Elke tent is op sy eie dek mooi weggesteek tussen die bome. Elkeen met sy eie onderdak kombuisie, braaiplek en gerieflike toonbank met elektriese lig en kragpunt. Hier gaan ons lekker kuier, besluit ons sommer Vrydagmiddag al. Die aand braai almal saam, 'n goeie groep van 16. Karlien en Allan kom eers môre. Alles is gerieflik en gesellig. Dis lekker om 'n Berg-en-Daller te wees!
Saterdagoggend stap ons die Olifantroete. Arme Jan is die enigste roos tussen die dorings maar hy laat hom nie intimideer nie en kry sommer 'n blitskursus in Pools van Rose se twee Poolse gaste, Rysia en Eva. Hulle stap lekker saam en verbaas ons. Hoewel ons kuier-kuier stap, hou hulle baie goed by. Hulle gesels lekker met almal maar het gelukkig mekaar as die Engelspraat te vermoeiend raak. Ons maak op vir die gebrek aan veel voëlklanke met heerlike spontane samesang in die woud. Die bos is pragtig ten spyte van die droogte en almal geniet dit.
Saterdagmiddag ry ons na Spitskop en die Varingroete. Jansie het haar vanoggend baie stil gedra en haar kragte gespaar vir die stap tot bo-op Spitskop. Sy stap triomfantelik onder dawerende applous die steil paadjie uit. Die uitsig van bo is ten spyte van die wolke besonders. Ons sien Knysna, Plettenbergbaai en tot ver in die Karoo; pragtige uitsigte reg rondom. Daarna stap ons die kort varingroete en verwonder ons aan die nuwe groei van die digte varings.
Saterdagaand is baie van ons kapoet na al die vars lug en aktiwiteite. Sommiges maak sommer op hulle eie dekke aandete en ander kuier saam in die Diepwalle stappershut wat leeg is. Ons keer vroegerig katel toe maar 'n rustige nag sal dit vir 'n paar van ons nie wees nie. Sarel en Louise was gelukkig nog op en wakker en byderhand toe Karlien 'n ernstige besering opdoen buite haar dek. Sy val en sny haar voorkop baie lelik oop teen die rand van die houtpaadjie. Louise roep dadelik vir Jansie en Chienkie wat albei noodhulptoerusting het. Jansie is 'n voorslag verpleegster en maak die wonde skoon. Dis diep en daar is twee snye net bokant die oog. Jansie se professionele opinie is dat Karlien steke moet kry en Allan en Karlien ry laataand Knysna toe om 'n dokter te vind. Gelukkig is Chienkie byderhand met aanwysings. Dit was toe so. Die dokter stem saam dat ons verpleegster se diagnose in die kol was. Die snye was tot op die skedelbeen en Karlien spog met sewe steke.
Nog is't het einde niet. Dit begin lekker reën en baie van ons se tente lek maar sleg. Halfses is ons arme verpleegster alweer op want haar bed en slaapklere is sopnat. Sondagoggend is ons almal effens nat en dit bly saggies reën. Wat 'n seën op ons voorsitster se verjaardag. Na gelukwensings en ontbyt saal ons maar op en gaan vier die verjaardag by Jansie se huis. Lekker koffie en koek om 'n heerlike naweek af te sluit. Dankie Jansie en Annette. Nog vele berge vir jou, Annette.

Christina



## ONTHOU JULLE NOG?




Ek lees in al die ou Opsale vanaf April 1996, hoe die Strausse hulle tent in die voortuin opgeslaan het en 2 aande daarin geoefen het. Tussen al die koue en pyne en vroeg inkruip, lees ek ook van 'n paar slukkies "OBS" wat dan net die ding moes doen. Daar was heerlike oorblye by Takkieskloof in Riversdal, voordat ons die pragtige "Sleeping Beauty" en Kristalkloof aangepak het, net om daar bo uit te vind dat "Sleeping Beauty" se bates baie ver van mekaar af leg. Dan was daar ook die lekker vooraand van die Kango Halfmarathon op 8 Maart 1997. Almal slaap onder Eddie se Autovilla se afdak en na 24:00 die aand, kom die laaste grappie uit Hennie se hoek. So ook die lekker braai en kuier by Harkerville-bosstasie 24 Jan. 1997 en die groot Awol van Anna, vanaf die St. Claire-hut. Die Diaz vasbyte by Mosselbaai, het gepaard gegaan met die groot ondersteuning van die dames, wat elke keer die manne ingewag het by ruspunte, om goed na hulle voete om te sien en versterkings aan te bied. Dit was heerlike, vrolike saamkuiertye! Onthou julle hoe 11 van ons by Gamkaskloof in die Hel almal in een huis nesgeskop het in plaas van die bespreekte akkommodasie oral rond, net omdat ons so lekker saam "gesocialize" het. Elke aand in die maanskyn onder in die Visrivier, het ons klomp so in die sand gelê en lag en gesels, tot die slaap ons kom haal het – heerlik. 11 Sept. 2004 het ons heerlik



aswors geëet op Oude Muragie, voordat almal in 5 - ster - akkommodasie heeltemal vergeet het van stap, so tussen die braaiery en singery deur. Met Hermanus se wegstap vanaf 18 tot 22 Okt. 2004, staan al die feesmaaletes ook uit en ons kuier saans 'n hond uit 'n bos, speel kaart en vertel



dieselfde grappe oor en oor, maar omdat ons ouerig is, klink alles elke keer nuut. Sederberge en Maskam in Okt. 2006, sal altyd onthou word vir daardie aand by Dave se grot "inside" Maskam-bergreeks by Van Rhynsdorp, toe erge wind en stormreëns ons so 'n bietjie rondgejaag het. Ai, dit was groot pret. Lees jou Opsaal van Nov. 2006. Elke jaar se jaareindfunksie was ook altyd 'n groot onthou-



lekkerte – die bestuur doen so baie moeite en sit so baie van hulle tyd in. Ons wys dit ook mos nie altyd nie, maar onthou dit word baie waardeer. Ons onthou ook al die lekker "Get togethers", wat altyd 'n groot sukses is, bv. Die Boereaand met al die B's – boerekos, boeretroos en al die B-geregte tot by die byekonfyt. Die sop en broodjie-aand was ook 'n groot kuier en ons kan dit gerus elke winter doen. Onthou wat ek gesê het: op ons



ouderdom bly dit mos elke keer 'n nuutjie. Ons "sixties-aand" was ook 'n wenner – spesiaal oor die kleredrag. Van kleredrag gepraat, die Berg-en- Dallers bly maar 'n spesiale klompie! Met ons skoolreunie-aand, het almal so heerlik saamgespeel. Ek moet noem dat die meeste gearriveer het as oud-studente van Outeniqua H. S. Almal het so lekker onthou en ons ander met oulike staaltjies uit hul skooldae vermaak. So kan ek aanhou en aanhou, want wat eintlik die hoogtepunt van elke wegstap is, bly tog maar die "socializery!"



Anna van Niekerk



# THE OTTER TRAIL

On the otter
There's a lotta
Ups and downs to climb,
On the ups your muscles moan
On the downs it's knees that groan,
And you don't get any time
To nurse your misery alone.

On the Otter
There's a lotta
Bright young lads and lasses.
All are winners, there're no losers.
'Joie de vrive' and fitness oozes.
All *you* have is oozing masses
Of blisters, cuts and bruises.

On the Otter
There's a lotta
Stuff that's sort of scenic,
Also, to avoid monotony,
Different sorts of botany
You're in two minds (schizophrenic?) .....
Are some parts worth it.. .. or not any?

On the Otter
There's not a lotta
Game. It seems a little qaint
The animal eponymous
Prefers to stay anonymous .....
All you get to see of it is spraint.
( Spraint? Well 'poo' is quite synonymous)

On the Otter
There's a lotta
Miles ..... no time to dally,
Stride and swim and jog, but forge
Ahead.(You're losing weight by George!)
But when you get to Natures Valley
You storm the cafe there and GORGE!

Austen

# WILDEKUS-STAPTOG 3 tot 8 APRIL



Vrydag, 3 April, is twaalf van ons hier weg: oom Hennie en tant Annie, Doris en Armin, Tahlita en Frode, Rose, Jacolize, Lynette, Amanda, Dina en Jeanette wat alles so fantasties gereël het.
Ons het probeer om die besige N2 se Vrydagmiddag-verkeer te vermy en deur Graaff- Reinet gery waar ons lekker by Jeanette se dogter gebrekfis het. In 'n klein dorpie net voor Umtata het ons in 'n ANC optog beland. Wat 'n ondervinding! Vyf sterre vir ons bestuurders se bestuurvernuf!
After our first night at Amapondo Backpackers in Port St Johns, we were ready to meet our guide, Bongani Mlotywa, who confirmed with Jeanette the previous afternoon where we would meet. However, there was no sign of Bongani and after a few agonizing hours he eventually arrived with a valid reason for the delay and a new taxi to transport us to our starting point. What a relief!
The taxi ride was another harassing experience! The road was in a poor state, but the driver did a very good job. After passing a few villages and lovely tea plantations on route we arrived at Msikaba Mouth. Here Bongani served our first lunch: bread, sandwich spread, cheese, tomato and cucumber. After the third day, however, we had had enough of this carbo loading, and luckily peanut butter and a boiled egg appeared on the menu..
Then the hike started. Spectacular views. Rolling hills with cattle and Pondo huts in the distance, the blue ocean and white beaches. Our scenery for the next five days. We went to the site where the Grosvenor sank in 1782 and swam in the most beautiful pools named Garden of Eden. Our first night in Rhole Village with the mamas was as eventful the first day of our hike! On arrival we were greeted by a very friendly mama with coffee and freshly baked bread. Dinner consisted of potatoes, rice and a sauce of pilchards and beans which was sooooo good! While Bongani told stories after dinner, Tahlita's backpack was stolen from the sleeping hut. The village men immediately investigated, and the backpack was found near the hut with everything intact.
Die tweede dag het ons gestap tot Luphatana, waar die golwe hoog die lug opskiet, tot Waterfall Bluff, een van slegs 'n paar watervalle in die wêreld wat direk in die see stort, na die Mamba-poele waar ons heerlik geswem het. Cathedral Rock was net so fantasties en die kameras het gekliek. Ons kry toe baie baie warm en by elke gat probeer ons gou-gou swem. Lynette moes ons later aanjaag om weer te begin stap! By Cutwini Village wag daar toe 'n lekker warm (buite) stort en 'n gat-in-die-grond-en-die-groen-gras-groei-daarom-toilet! Aandete was heerlike hoender, rys, kool en pampoen! 'n Vol en bedrywige dag!
The third day started with lovely omelettes for breakfast! Oom Hennie hired a porter to carry Tant Annie's pack. Then you should have seen her hike. 'Voet in die hoek' all the way!. A beautiful hike to Shelley Beach and Mbotyi followed. There is a beautiful lodge/hotel at Mbotyi but, unfortunately, hikers are not welcome. The scenery everywhere was fantastic and Doris remarked dryly how interesting it was that a cow beat us to every beach! After a lovely swim in the sea we had our sandwich lunch on the beach at Mzimpunzi. Then followed the climb of mount 'Never-rest' to the beautiful Mzintlava River where we crossed by wading through and the Moutons crossed by ferry.
Die hut was baie vuil en die gesmeerde mis was nog nat. Armin het ons toe maar laat sing! Die hoendertjies wou aaneen terug in hul en ons slaaphut en die kinders het bontgestaan om hulle te vang. Rose leer toe vir hulle hoe om 'n hoender vas te hou en ons skreeu soos ons lag toe Jacolize, Rose en Tahlita inspring en hoenders begin jaag. Na 'n lekker aandete was ons angstig om te gaan slaap. Toe ons eindelik ons lê kry, gee Talitha 'n gil. 'n Rot!! Nou ja, met die reuk van vars mis en op die dun matrassies en versigtig wees vir die rot, slaap ons toe darem heel lekker!
Day four we hiked mainly along the coast to Dakane and Ingo beach with its beautiful black sands and Red Milkwood trees. We saw beautiful birds and red hornbills entertained us in the forest. We swam across Ntafafu River and had lunch on the stoep of an old house. Frode was everyone's hero when he produced a bottle of Tahlita's homemade apricot jam! And with boiled eggs from Bongani, lunch was superb! Some of us went for a swim in the sea and we then left for our last night at Poenskop Village. On route we had to cross a dangerous section of rocks, but with the men's assistance we all crossed safely. We enjoyed tea and biscuits on the hill top and then took a leisurely stroll to the village where we were surprised to find very clean and beautiful huts. The table was covered with a white tablecloth and we were served cool drinks from glasses! The owner of this house is a young girl, Ncumisa, (meaning smiling) who is a real entrepreneur and very proud of her little enterprise. She farms with paw-paws, bananas, onions and cabbage. She informed us that the chief of the village is very strict and therefore it is a very clean area. Dinner was fantastic: curried mutton stew, pumpkin, pap, and pumpkin leaves and stems (tasted like spinach). The toilet and washing facilities were excellent.
After the usual breakfast of mieliepap and bread, we were on our way for our last day's hike. It was an easy hike through the village to Agate Terrace, (which

was a bit dangerous to go down) which took us to the beach for a long walk to the mouth of the Umzimvubu River. There we ferried across the river to Port St Johns. The men kindly fetched the vehicles and filled up with petrol while we observed the comings and goings of the town's folk.
We enjoyed the beautiful scenery of the Eastern Cape and drove along the Barkley Pass and back. Jeanette had organized for us to sleep at a guesthouse between Dordrecht and Molteno and it was already dark when we left Dordrecht and went in the wrong direction. We only realized this after 30 km and had to turn back. A heavy thunderstorm, reckless taxi drivers, livestock crossing the road! Our spirits were low! Eventually we arrived at Jenny's cottage. We were warmly welcomed by our hosts and enjoyed a fantastic dinner of leg of lamb with lots of veggies and baked pudding and ice cream. Hot water and beds awaited us!
The following day we left for George and had a coffee-picnic along the road.
Well, all's well that ends well and everyone was happy to have returned home safely. Many thanks to Jeanette who really did a fantastic job, organizing everything and to our drivers, Oom Hennie, Lynette, Frode, Armin and Doris. It was a lovely trip!

Dina



## ERKENNINGS

**B**aie dankie aan al die lede vir hulle bydraes. Die intense kameraadskap, vriendskap, plesier en dankbaarheid wat hulle in die klub ervaar word baie duidelik in hulle bydraes weerspieël.
Dan net 'n spesiale woord van dank aan Anna, Annette, Carol, Christina en Jeanette vir hulle hulp en bystand met die samestelling.